PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

JAARGANG XXXVII — NOMMER 17 — 12 SEPTEMBER 1980



● *Die Dagbestuur van die nuutverkose Studenteraad vir die termyn 1980/81. Van links Jan-Louis du Plooy, Frikkie van Niekerk, Piet Fourie, Fanie Haasbroek, Corné Mulder en Reinder Kingma.*

# Onbetrokkenheid skep groot probleme

**VERLEDE naweek (5 en 6 September) het die ou en nuwe Studenterade 'n oordragskonferensie bygewoon. Volgens Jan-Louis du Plooy, Studenteraadsvoorsitter vir die nuwe termyn, is algemene probleme wat op die kampus voorkom op hierdie konferensie geïdentifiseer en daarna is doelwitte gestel.**

Onbetrokkenheid van die massa is as die grootste probleem geïdentifiseer en daarmee saam die probleem van die afstand tussen die Studenteraad en die studente — d.w.s. kampusgees. Verskeie doelstellings is na aanleiding van hierdie probleem gestel:

Alle geleenthede tot positiewe beïnvloeding van eerstejaars sal ten volle benut word. Gestruktureerde en gereelde kontak sal plaasvind met ander kampusleiers en spesifiek met Huiskomiteelede. Voor die einde van 1980 sal daar 'n byeenkoms plaasvind waarin hierdie saak bespreek sal word. Deurlopende, konsekwente handhawing van dissipline sal regdeur die jaar plaasvind — o.a. tuguitoefening by sporadiese gevalle en oortreders by massa-aksies.

Spesiale aandag gaan gegee word aan sinvolle ontspanningsaksies vir die Puk-massa in groepe. Hierdie aksies sal hoofsaaklik om naweke gesentreer wees. Opsommenderwys het Jan-Louis gesê dat dit daarop neerkom dat die Studenteraad, soos verlede jaar, baie sterk met die studente wil skakel. Dit is immers die primêre doel van die Raad.

Oriëntering gaan definitief ingeperk word, maar slegs vir die eerste twee weke. Daarna sal dit min of meer dieselfde bly. Die rede hiervoor is die groot aantal wanpraktyke wat hul in die verlede onder seniorstudente voorgedoen het. Studente se positiewe oorspronklikheid sal egter nie aan bande gelê word nie.

Volgens Jan-Louis is die twee uiterste pole te midde van die Studenteraad (konserwatisme en meer liberale denke ten opsigte van politieke- en lewensbeskouing) hierdie jaar baie nader aan mekaar as in die verlede. Daarom dink hy dat daar ten spyte van 'n verskeidenheid denkrigtings, volkome eenheidsfunksionering sal wees.

**Sien ook verslae elders in koerant**

## Oriëntering deeglik ondersoek

**IN sy hoedanigheid as Adjunk-voorsitter van die nuwe Studenteraad, het Frikkie van Niekerk sy doelstellings vir die nuwe termyn vir Die Wapad geskets:**

Eerstens sal daar besin word oor die uitslag van die vraelyste ten opsigte van oriëntering wat deur studente ingevul is. Oriëntering sal egter geensins heeltemal afgeskaf word soos wat sekere gerugte lui nie. Daar sal gepoog word om die slegte in oriëntering te laat verdwyn sonder dat die goeie daarvan ingeboet word.

Kampusleiers sal ferm en met die nodige dissipline optree, en spesiale aandag sal gegee word aan akademiese oriëntering, veral in die koshuise self.

Op die vraag of die nuwe Studenteraad as konserwatief of liberaal beskou sou kon word, het Frikkie gesê dat dit effens vroeg is om daaroor te besluit, maar dat dit duidelik is dat daar 'n wye spektrum van opinies gehandhaaf word binne hulle geledere. Ten spyte hiervan is hy seker dat daar goeie samewerking en balans sal wees.

Wat politiek betref, het Frikkie gesê: "Die Studenteraad is nie 'n politieke drukgroep nie en moet hom weerhou van partypolitiek.

"Dit is die Studenteraad se taak om in samewerking met die Politiese Raad studente aan te spoor om op hoogte van politiese sake te bly en om nie inisiatief te verloor nie.

Die Studenteraad is dus polities meningvormend — ook binne eie geledere.

(Vervolg op bl 6)

# Student blind in een oog ná meelbom

— Johan Victor —

**'n Belowende eerstejaar-ingenieurstudent van die PU vir CHO het die gebruik van sy regteroog verloor nadat hy tydens die onlangse intervarsity tussen die Potchefstroomse Universiteit en die van die Oranje Vrystaat met 'n meelbom teen die kop getref is.**

Mnr. Sagrys van der Berg (19) moes verlede week van 'n spesialis hoor dat hy moontlik nooit weer sy regteroog sal kan gebruik nie. Die oogsenuwee wat die grootte van die pupil en die oogbeweging beheer is verlam deur die slag toe die meelbom hom teen die kop getref het.

Mnr Van der Berg vertel dat hy een van die toeskouers was tydens die onlangse intervarsity tussen Pukke en Kovsies. Daar was 'n geweldige oor-en-weer gooiery van alle denkbare materiaal, onder meer nartjies, bierblikke, meelbomme en eiers. Hulle het vroeg die middag reeds besef dat hulle verder weg sal moet gaan sit, aangesien die Kovsies die Pukke op daardie stadium baie gemoker het met allerhande vlieënde voorwerpe. Hulle het blykbaar nie ver genoeg gaan sit nie want hulle was nog steeds binne die trefafstand van die Kovsies se meelbomme. Dit was gedurende die hoofwedstryd wat die bom hom teen die kop getref het.

Volgens mnr Van der Berg het hy geen versekeringsdekking teen voorvalle van so 'n aard nie en moet hy al die onkoste self dra. Hy oorweeg dit nie om 'n eis in te stel teen enige instansie nie omdat dit te moeilik is om te bepaal wie werklik die skuldiges was. Daar was meer as drie meelkanonne op die Kovsies se pawiljoen waarmee hulle die Pukke voortdurend toegetakel het.

Mnr. Van der Berg is 'n baie belowende atleet en 'n skrander student. Volgens hom benadeel die besering sy akademie ernstig omdat hy veral saans nie lank kan konsentreer nie.

Mnr Van der Berg is 'n hoogspringatleet wat die begin van die jaar tydens die eerstejaarsbyeenkoms die nommer gewen het. Hy was ook een van die twaalf studente wat uitgesonder was as een van die Puk se mees belowende atlete vir die volgende paar jaar. Hy speel ook tennis.

Omdat hy reeds 'n bril dra en sy regteroog wat nou so ernstig beskadig is, sy beste oog was het hy nou nog minder visie as voorheen. Hy kan slegs gedeeltelik vorms waarneem deur die oog maar kan glad nie fokus nie.

Volgens die spesialis wat hom ondersoek het is die kanse op herstel skraal omdat indien daar nie permanente skade ingetree het nie sou die oog reeds herstel het.

Indien die lense van die bril nou weer aangepas moet word sal dit hom weer 'n klomp geld uit die sak uit jaag. Gevra na sy mening oor intervarsitypret het mnr Van der Berg gesê dat hy baie teleurgesteld is. Dit het alles vir hom in 'n anti-klimaks geëindig. Hy was geskok deur die onverantwoordelike optrede van sekere studente en betreur die feit werklik dat studentepret nou reeds so ver ontaard het.

Prof Wynand Mouton, rektor van Kovsies, het verklaar dat behalwe die regstappe wat deur die polisie geneem sal word, die universiteit self stappe teen die betrokke studente gaan neem.

**(Potch Herald)**

## Wapad het verbeter

**MARIËTTE POSTMA, uittredende Wapadredakteur, is bly om te sien dat daar soveel aansoeke was vir die nuwe redaksie en dat daar ook veral soveel kommunikasiekundestudente op die nuwe redaksie dien. Dit kan net help om die standaard van ons koerant te verhoog.**



*Mariëtte Postma*

Volgens mev Postma het sy baie geleer in die termyn wat verby is. Dit was veral vir haar verrykend om met die redaksie saam te werk, omdat die mense so kreatief en interessant is.

Die Wapad het die afgelope drie jaar baie verbeter en die standaard het wel in 'n mate voldoen aan die vereistes wat gestel is. Sy sê egter dat daar altyd gepoog moet word om dit nog te verbeter. Die redaksie het ook die jaar begin om self bladuitleg te doen, wat die voorkoms ook verbeter het. Advertensies was in die verlede nie juis betalend nie, maar nou betaal Die Wapad hom byna self deur middel van advertensies.

Fotografie is ook vroeër baie afgeskeep omdat daar te min belangstelling was. Piet Fotokuns se hulp was van onskatbare waarde.

Die Wapad het ook baie probleme gehad met die drukkers, vandaar dat die verkiesingsuitgawe laat was. Dit is egter nou opgelos en mev Postma meen dat die standaard met die huidige drukkers ook verhoog kan word.

Mev Postma wens die nuwe redaksie alle sukses vir die nuwe termyn toe.

# SSR se doelwitte vir 1981

## Piet Fourie
### Vise-voorsitter

**PIET FOURIE, die Studenteraad se Vise-voorsitter vir die nuwe termyn, het hom uitgespreek oor sekere van sy standpunte oor probleme wat binne die SSR se spektrum val, en die wyse waarop daar gepoog gaan word om dit op te los.**

Die twee mees dringende sake wat, volgens hom, aandag behoort te geniet, is die Koshuisraad en die Akademiese Raad. By eg. moet beter skakeling met die owerheid bewerkstellig word, om probleme in die koshuis beter te kan oplos. Die Akademiese Raad het wel 'n goeie struktuur, maar daar ontbreek nog baie voordat dit werklik goed kan funksioneer.

Piet se siening oor oriëntering kom daarop neer dat dit 'n geleentheidskepping moet wees waarin die eerstejaar hom as't ware self kan oriënteer.

Aangaande politiek sê hy dat dit geensins die Studenteraad se primêre taak is om politiek te bedryf nie, en dat hulle op hierdie gebied geensins verteenwoordigend van die massa is nie. 'n Nuwe stelsel is oorweeg waarin mense afgevaardig gaan word om ondersoek in te stel na die ASB-kongres.

Piet dink nie dat die PU enigsins 'n negatiewe beeld verkry het as gevolg van die massa-vergadering wat oor Polstu gehandel het nie. Volgens hom is die onderwerp baie subjektief interpreteerbaar. Koerante het Polstu juis as 'n positiewe stap beskou. Die blote feit dat die massa hom gedistansieer het van Polstu, behoort aan te toon dat dit nie die hele Puk se standpunt was nie. As liggaam kan die Studenteraad nie één politieke standpunt handhaaf nie.

## Fielies Kotze
### Sportraad, kampus diens en studentesentrum

**MNR Fielies Kotze, SSR-lid vir Sportraad, kampusdiens en studentesentrum, se prioriteit is om kleiner sportsoorte wat in die verlede benadeel is, te bevoordeel. Verder moet die betrekkinge met die Sportburo hervat word.**

Mnr Kotze is van mening dat oriëntering eerstejaars moet inburger en tuismaak. Dit moes dus nie nog meer afgewater word as wat dit reeds is nie. Oor politiek, het hy gesê, kan elke lid van die SSR as individu uitsprake maak, maar nie namens die SSR nie.

Die nuwe SSR is gebalanseerd en die feit dat daar nie 'n dame op die SSR is nie, is aan die een kant jammer, want dames gee "darem meer kleur aan vergaderings, optredes en aksies".



*● Die lede van die nuwe Studenteraad vir die termyn 1980/81. Voor van links is Frikkie van Niekerk, (adj.-voorsitter), Jurie van der Walt, Jan-Louis du Plooy (voorsitter), Piet Fourie (vise-voorsitter), Fanie Haasbroek (Penningmeester), Corné Mulder; Middel: Anton Fick, Awie Verhoef, Joggie van Staden, Nico Lemmer, Willem Kotzé, Reinder Kingma; Agter: Mario Smith, Lappies Labuschagne, Wim Vergeer, Willem Fourie, Jan van der Walt.*

## Nico Lemmer
### Opleiding

**MNR Lemmer se uitgangspunt vir sy nuwe portefeulje is die eenvormige funksionering van die onderliggame. Hy sal hom ten doel stel om 'n handleiding daar te stel vir besture waarin algemene probleme, waarmee besture te doen kry, uiteengesit word en oplossings gestel word.**

Oriëntering moet beslis nie afgeskaf word nie. Belangrik is dat dit nie lank en uitgerek moet plaasvind nie.

Volgens hom is die SSR nie 'n politieke forum nie. Die SSR moet die studente wel bewus maak van politiek en geleentheid gee om dit uit te leef. Hy is 'n voorstander van navorsing deur die SSR op die politieke terrein.

Hy beskou die Groot Sweet as 'n besonderse geleentheid, maar in sy huidige vorm kom hy nie tot sy reg nie. Daar moet tyd gegee word aan Die Wapad om oor die Groot Sweet verslag te doen voor die verkiesing. Die PU as sodanig het nie 'n negatiewe beeld nie. Daar is wel persone binne die universiteit wat verantwoordelik is vir 'n negatiewe beeld. Voorts dink hy dat die Puk-massa hulleself goed gedra het op die afgelope Intervarsity en dat die onaangenaamhede geïsoleerde gevalle was.

## Reinder Kingma
### Sekretaris

**MNR Reinder Kingma glo dat die PU-student 'n politiesdenkende student is en dat die student se politieke idees uit die Politiese raad gebore moet word. Die studenteraad is nie daar om die politieke denkrigting van die student te kanaliseer nie. Dus moet SSR-lede nie politieke uitsprake maak in amptelike hoedanigheid nie.**

Mnr Kingma voel baie sterk daaroor dat die sekretaris van die SSR sy werk met duidelike orde en presiesheid moet doen. Hy wil graag voortbou op die goeie werk van sy voorganger wat die SSR-administrasie goed georden het.

Mnr Kingma is bewus van die meriete van oriëntering en daarom is hy ook ten gunste daarvan. Hy glo dat oriëntering die beste manier is om eerstejaars goed te laat inskakel by die PU en die verskillende koshuise.

Die PU-studente is nog voorposdenkers en die toonaangewende universiteit wat nugtere denke betref. Met diep deurdagte denkrigtings en uitsprake kan die PU-beeld nog verder verbeter word.

Die nuwe SSR het baie potensiaal om hierdie ampstermyn iets groots te maak. Die onderlinge denkrigtings van die lede stem in 'n groot mate ooreen en sal dus sorg vir die vorming van 'n hegte eenheid.

## Anton Fick
### Grondwette, verkiesings en ontspanning

Mnr Anton Fick, SSR-lid vir Grondwette, Verkiesings en Ontspanning is van mening dat noue kontak tussen SSR en HK's van die allergrootste belang is.

Oriëntering is volgens mnr Fick absoluut 'n moet. Daar moet egter met verantwoordelikheid opgetree word en dié verantwoordelikheidsbesef moet via die HK by koshuisinwoners tuisgebring word.

Aksies moet so aangebied word dat dit die belangstellingsveld van studente raak. In die propagandastrukture moet die HK's 'n prominente rol speel.

Wat ontspanning betref, lê die veld nog braak. Die ontspanningsfasiliteite wat tans bestaan, is ondoeltreffend. Op die vraag omtrent dans as ontspanningsmiddel, het mnr Fick geantwoord dat dans beslis nie die enigste vorm van ontspanning is nie, en dat dit buitendien nie by die SSR berus om uitsluitsel oor dans te gee nie. 'n Goedgeorganiseerde, gedissiplineerde biertuin voor Karval kan bydra tot ontspanning.

## Jurie van der Walt
### Publikasies, datums en advertensies

**MNR JURIE van der Walt, SSR-lid vir politiese raad, publikasies, datums en advertensies, se prioriteit is om skakeling tussen die politiese raad en SSR en studente te verbeter. Hy is ook van plan om alle publikasies te sentraliseer sodat daar beter kennisname is van aktiwiteite op die kampus.**

Wat oriëntering betref moet die status quo gehandhaaf word. Politieke uitsprake kan wel deur SSR-lede in hul persoonlike hoedanigheid gedoen word en nie as SSR nie.

Die negatiewe beeld kan deur positiewe publikasie reggestel word en wangedrag en drankmisbruik moet met die nodige tugmaatreëls bekamp word.

Die Groot Sweet was net vir sommiges 'n groot sweet, maar oor die algemeen het dit nie 'n baie groot invloed op die verkiesing gehad nie.

## Fanie Haasbroek
### Penningmeester

**NOG beter begrotingsbeheer en stroomlyning van die SSR se finansies word deur Mnr Fanie Haasbroek ten doel gestel. Daar word ook 'n opleidingskursus vir penningmeesters van die Rade en onderliggame nog voor die einde van die jaar beoog.**

Gesonde aangewende oriëntering is vol meriete, maar dan moet die posisie wat die seniors inneem nie misbruik word nie. Die eerstejaar moet in hierdie tye geleer word hoe om 'n Puk te wees.

Volgens mnr Haasbroek behartig die SSR in die eerste plek die belange van die studente. Die SSR kan egter uitsprake maak oor aktuele politieke sake na deeglike studie.

Mnr Haasbroek sê die nuwe SSR is bereid en lus om hulle kant te bring en hard te werk.

## Wim Vergeer
### Studentediens

Sy doelstellings ten opsigte van studentediens is duidelik, sê mnr Wim Vergeer. Hy beplan onder andere 'n akademiese kantoor wat studente se belange sal behartig. Vir die portefeulje Weerbaarheid het hy ook heelwat planne. Studente moet paraat wees en kennis dra van brandbestryding, noodhulp, en so meer.

Om dit te kan bereik, stel hy opleiding deur die jaar voor, wat uitloop op 'n spesiale dag wanneer koshuise op kompetisiebasis teen mekaar meeding. Hy stel hom ook ten doel om nouer samewerking met Departement Sekuriteit te bewerkstellig. Hy voel sterk oor die waarde van oriëntering.

Die Groot Sweet behoort volgens hom 'n feestelike geleentheid te wees. Akademiese verrigtinge moet ook nie daardie aand plaasvind nie.

Hy sê dit sal 'n veralgemening wees om te sê dat die PU 'n negatiewe beeld na buite het. Hy dink drankmisbruik was tydens die afgelope intervarsity heelwat minder, hoofsaaklik vanweë kontrole by die hekke. Hierop moet voortgebou word.

## Jan van der Walt
### Karnaval en ontspanning

Mnr Jan van der Walt, die nuwe SSR-lid vir Karnaval en Ontspanning, stel harde werk en dienslewering as eerste prioriteit vir sy ampstermyn. Hy beloof ook dat nuwe aksies as ontspanning aangebied sal word.

Volgens hom moet oriëntering nie verflou nie, maar sinvolle verandering is noodsaaklik.

Die vernaamste probleme waaraan hy wil aandag skenk is die betrokkenheid van studente by algemene kampusontspanning. Hy beoog om Karnaval in sy geheel kleiner aan te bied met die doel om passiewe ontspanning na aktiewe ontspanning te verander.

## Corné Mulder
### Addisionele lid

**MNR Corné Mulder sê dat die portefeulje addisionele lid op 'n vaster grondslag aangepak moet word en ook dat die pos van addisionele lid beter gedefinieer kan word.**

Mnr Mulder stel homself ten doel om effektief te skakel met die Vaalrivierse tak en om veral aandag te skenk aan die opleiding van die tak se studenteraad.

Oriëntering is volgens mnr Mulder absoluut noodsaaklik, omdat dit die eerstejaars die geleentheid gee om aan te pas en voete te vind in die minimum tyd. Eerstejaars moet oriëntering egter in 'n positiewe lig sien en poog om dit net soveel as die seniors te geniet.

Wat SSR-lede en politiek betref, is mnr Mulder van mening dat 'n SSR-lid gekies word om die belange van die studente te bevorder en nie sy eie politieke idees nie. 'n SSR-lid kan egter meningsvormend optree en aan die studente politieke riglyne gee om oor te kibbel. Hy moet egter daarteen waak om politieke uitsprake te maak in amptelike hoedanigheid.

Hy is van mening dat 'n SSR-lid nie as 'n "poliesman" oor studente moet waak nie, maar dat daar streng teen studente opgetree moet word waar die PU-beeld in gedrang is.

Mnr Mulder is baie optimisties oor die 1980-81 SSR. Hy is van mening dat die manne tot groot dinge in staat is en dat die SSR die helder lig van die PU kandelaar nog verder sal laat skyn.

## Tutu spreek Kontakpolitiek toe

**DONDERDAGAAND 4 September is 'n byeenkoms van Kontakpolitiek in die Senaatsaal gehou. Biskop Desmond Tutu van die S.A.R.K. was die spreker.**

Die pers is nie toegelaat om na buite te rapporteer nie, maar is wel toegelaat om die verrigtinge by te woon.

Die geleentheid was in vele opsigte 'n sukses, vanweë die belangstelling en ook die feit dat die gehoor kon deelneem aan die bespreking.

**Doelwitte vervolg op p 7.**

die WAPAD

## ● Die Wapad se taak

**Die Wapad wil aan die begin van die nuwe termyn weer eens duidelik stel hoe hy sy taak op die kampus sien:**

**Die primêre taak bly die verskaffing van INLIGTING. Die Wapad wil die PU-gemeenskap dien deur feitlike, billike, objektiewe en tersake beriggewing.**

**Die Wapad wil ook BEÏNVLOED. Die doel daarvan is enersyds om die openbare mening op die kampus tot voordeel van die studentemassa en ter bewaring van die tipiese PU-gemeenskap in te stem en andersyds om die student toeligting te gee oor nuusgebeure van die dag wat hom raak. Daar word gestreef na positiewe en feitlike begronde kommentaar.**

**VERMAAK word verskaf deur die weerspiëling van die ligter sy van studentwees in sport en ontspanningsberiggewing.**

**Omdat alles wat gebeur nie altyd mooi en goed is nie en dit so is dat die verkeerde nog die buitengewone — die uitsondering op die reël — is, sal dit noodwendig publisiteit kry omdat dit nuuswaardig is. Dit is in almal se belang dat die verkeerde uit die weg geruim moet word. Die Wapad wil u bewus maak daarvan en so aanspoor om verkeerde dinge in u midde te verwyder.**

## ● Dialoog

**Daar is verskillende groepe studente op die kampus wie se menings oor belangrike sake in ons gemeenskap verskil. Die Wapad bied aan almal die geleentheid om op 'n verantwoordelike manier dialoog daaroor te voer, mits dit sinvol is en die doel in belang van die PU-gemeenskap is. Groepe wat aanhoudend op alle vlakke insette lewer in dié dialoog sal vanselfsprekend meer publisiteit kry.**

## ● Nuwe leiers

**Met al die verkiesings wat nou haas afgehandel is het studente hulle vertroue in sekere persone gestel om hulle belange te behartig. Dit behoort die strewe van die nuwe leiers te wees om dit op alle terreine na die beste van hulle vermoë te doen. Geluk en voorspoed daarmee.**

## ● Intervarsity

**Die pasafgelope Intervarsity wil mens graag sien as 'n kentering in die gedrag van die Pukke op die pawiljoene. Dit vergoed tot 'n mate vir die neerlae wat gely is. Ons hoop dat die meelbom-episode nou finaal die aandag gevestig het op dié gevaarlike praktyk.**

## ● Biertuin

**Die biertuin voor die Groot Brag laat 'n wrang smaak in die mond na. Benewens die besluit dat dit nie weer voor die Groot Brag toegelaat sal word nie, moet die owerheid ook besluit wat die beste sal wees: om die biertuin 'n gereelde (weeklikse?) instelling te maak en die Pukke so gewoond te maak aan die matige gebruik van drank, of om dit geheel en al te verbied.**

# Uit die Woord

"Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie." (Luk 13 : 24).

Is jy ook een van hulle, een van die tienduisende misleide kerkmense in ons land? Want die prediking van ons tyd word globaal gekenmerk deur die verkondiging van 'n goedkoop genade deur predikers wat daarin spesialiseer om die snykant van die Woord so stomp moontlik te maak.

Kyk weer goed na Jesus se woorde hierbo. Baie sal probeer en nie slaag nie. Jy wat nie eers probeer nie, dink jy werklik jy sal slaag? Die genade van God is wel gratis, ja, maar nooit, nóóit is dit goedkoop nie. Daar is 'n prys aan dissipelskap verbonde — jou alles, jou lewe.

Kyk maar na die ryk jongman: toe hy, onwillig om sy rykdom onder die armes te verdeel, hartseer (!) omdraai, het Jesus nie agter hom aangehardloop om te sê hy moet dit nie so ernstig opneem nie. Nóóit het Jesus sy standaard verlaag nie, nóóit het Hy 'n goedkoop genade verkondig nie. Toe baie van sy dissipels Hom verlaat het, omdat hulle nie die radikaliteit van sy prediking in die oë kon kyk nie, het Hy vir die twaalf gevra of hulle nie ook wou gaan nie. Eerder sou Hy alleen verder gaan as om sy standaard te verlaag.

God se genade hef nie sy eis tot absolute gehoorsaamheid op nie. Gehoorsaamheid is nie 'n opsionele ekstra nie. Jy is óf gehoorsaam, óf buite Christus (dit geld selfs vir verbondskinders). Sekerlik is dit moeilik, sekerlik beteken dit stryd. Maar daarsonder is die nou poort té nou.

Ek vra weer: is jy seker jy is nie dalk ook een van hulle wat glo mens beërf die koninkryk sit-sit nie? Indien wel, is jy bedwelm deur 'n halwe waarheid, een wat veel, veel gevaarliker is as 'n hele leuen.

Jesus Christus het die volle prys betaal; Hy eis van ons nie minder nie. Hy het sy lewe gegee; as ons dit nie ook doen nie, het ons geen deel aan Hom nie.




11 TOKKELOKKE UIT 18 STUDENTERAADSLEDE!

# Is Tuislandontwikkeling die oplossing?

— Johann Walters —

**DIE konsolidasie van tuislande was besonder sterk in die kollig op die Transvaalse kongres van die Nasionale Party, waar die Transvaalse leier van dié party, dr. Andries Treurnicht dit duidelik in sy openingsrede gestel het dat die les wat Suid-Afrika uit Rhodesië moet leer, is dat suksesvolle magsdeling tussen radikaal verskillende volke 'n onrealiseerbare droom is, ". . . of dit te gou, betyds of te laat ingestel word". Hy gaan voort deur te sê "ons kan nie afsonderlike ontwikkeling as beleidsrigting laat vaar nie. Eie volkskat behels eie gemeenskapslewe, regverdig die aanspraak op eie besluitneming in eie sake — 'n Volk het die reg om eksklusief te wees. Jy kan nie 'n vrye volk wees, ook polities vry, sonder 'n gesonde gemeenskapslewe nie. En daardie gemeenskapslewe veronderstel eie woongebiede, eie skole, eie klasse, verenigings ens."**

Dit wil nou voorkom dat ons nie meer die horlosie kan terugdraai na voor 1976, die jaar waarin Transkei onafhanklik geword het nie. Afsonderlike ontwikkeling is nou 'n gegewe feit.

Nou op die vooraand van politieke onafhanklikheid van Ciskei word die vraag weereens geopper of die toekomstige staat en die huidige onafhanklike state, instaat is om ekonomies te ontwikkel of sal dié lande nog steeds afhanklik wees van vreemde hulp, sodat die politieke onafhanklikheid 'n groot klugspel word.

Ondanks die feit dat totale onafhanklikheid van tuislande onaanvaarbaar is vir die swartleiers vertoon die tuislande groot potensiaal wat ontwikkel kan word tot uitbouing van 'n eie afsonderlike soewereine staat met elk 'n eie nasie beleid wat nagevolg kan word deur so 'n land ter bereiking van ekonomiese welvaart, passende by sy kultuur en vlak van ontwikkeling.

Ten opsigte van die grootte van die tuislande wat uiteindelik 168 150 $km^2$ of sowat 13½% van Suid-Afrika se oppervlakte sal beslaan, moet in gedagte gehou word dat 'n klein oppervlakte as sulks nie 'n onoorkombare struikelblok is in die pad van ontwikkeling nie. Die gebiedsoppervlakte van die tuislande is geensins kleiner as dié van baie ander Afrika lande nie. Die bewerkbare grond as persentasie van die totale oppervlakte kom gemiddeld neer op 13,8% in die tuislande wat hoër is as byvoorbeeld in die geval van Tanzanië, Malawi, Zambië, Botswana en die Soedan. Die bevolkingsdigtheid van die tuislande vergelyk gunstig met ontwikkelende lande. Die bevolkingsdigtheid in tuislande is 44,8 persone per km wat gunstig vergelyk met Nederland (322 persone per $km^2$) en Wes Duitsland (247 persone per $km^2$) om maar net 'n paar voorbeelde te noem.

Hoewel los geografiese eenhede nie 'n onoorkomlike probleem is nie, is dit tog moeilik en om in die geval van tuislande die gebiede as 'n politieke en ekonomiese eenheid te ontwikkel en te administreer en sodoende 'n volkseenheid te skep. Voorbeelde wat hier aan die hand gedoen kan word is Oos en Wes-Pakistan voor die totstandkoming van Pakistan en Bangladesh asook sekere eilande, byvoorbeeld Bahamas wat meer as 700 eilande beslaan. In hierdie verband is daar alreeds ver gevorder met Tuisland Konsolidasie. Voor 1973 het die tuislande bestaan uit 112 blokke waarvan Kwazulu bestaan het uit 48 blokke. Na die implementering van die jongste Tuisland konsolidasievoorstelle sal die tuislande bestaan uit 35 blokke waarvan 12 blokke Kwazulu gaan vorm. Aangesien sommige tuislande teen mekaar geleë is sal die totale swart gebied slegs uit 24 gebiede bestaan. Hierdie konsolidasieproses het alreeds sedert 1949 R201,9 miljoen uit die Suid-Afrikaanse skatkis geneem en volgens beskikbare gegewens moet nog R417 miljoen vir hierdie saak bewillig word.

'n Ander eienskap van 'n klein land is naamlik dat die natuurlike hulpbronne beperk is tot die grootte van die gebied met die gevolg dat die ekonomiese struktuur minder gedeversifiseerd is in vergelyking met groter lande. Maar ten opsigte van hierdie feit het die tuislande die teenoorgestelde bewys. Die oostelike tuislande het oor die algemeen 'n hoër landbou potensiaal as die westelike gebiede, maar laasgenoemde is weer beter met delfstowwe bedeel. Terloops kan vermeld word dat 27% van Suid-Afrika as 'n woestyn klimaat geklassifiseer word en waarvan slegs ,5% in die tuislande geleë is. Die tuislande is verder goed met delfstowwe geseën en is dit ook 'n bekende feit dat groot gedeeltes van die tuislande geleë is in die bosveld stollingskompleks van Noord-Transvaal wat beskou word as die rykste delfstof gebied ter wêreld.

Ondanks die feit dat grootdele van die tuislande (3/4) geleë is in gebiede met 'n jaarlikse reënval van 500 mm en ondanks die feit dat 100 ha grond in tuislande gemiddeld dieselfde potensiaal besit as 147 ha in blanke gebied lewer landbou produksie alleen 24,3% van die bruto binnelandse produk en huisves die landbousektor 66,5 % van die ekonomiese bedrywige bevolking.

As gevolg van die sosiale en kulturele beskouing van landbou in tuislande word die landbou potensiaal nie op ekonomiese grondslag ontwikkel nie. Die landbou potensiaal in die tuislande beloop na raming meer as 28% van die totale landbou potensiaal in Suid-Afrika maar lewer slegs 5,8% van die totale landbou produksie. In die geval van mielies byvoorbeeld is die produksie 3 sak per hektaar in die tuislande teenoor die gemiddelde van ongeveer 25 sakke per hektaar in Blanke gebied. Ten opsigte van hierdie saak word daar groot vordering gemaak deur landbouontwikkelingskorporasies en het die regering 'n ondersoek gelas om alle moontlikhede te ondersoek waardeur landbouproduksie in die gebiede wat uiteindelik in die swart gebiede ingesluit gaan word nie nadelig te raak nie. Nogtans bly die vraag of Suid-Afrika dit kan bekostig dat bykans twee miljoen hektaar hoë potensiaal grond uiteindelik onproduktief word.

Met die beperkte indiensname vermoë van die landbou en mynbousektor blyk dit dat die nywerheidsektor 'n belangrike rol sal moet speel in die verskaffing van werksgeleenthede. In die verband bestaan daar groot kommer.

Sedert 1973 was daar jaarliks 8000 werksgeleenthede geskep teenoor die 64 000 manlike swart werkers wat jaarliks tot die swartarbeidsmag toegetree het. Daar moet nie verwag word dat nywerheidsontwikkeling oornag aan die vraag na werksgeleenthede moet voorsien nie. Dit is gewis 'n bron van kommer, maar die pas aangekondigde samewerkingsprojekte kan help om hierdie struikelblok in die afsienbare toekoms te oorkom.

Dit sal vir die leser duidelik wees dat die hele aangeleentheid rondom die konsolidasie van tuislande nie maar net 'n proses van aankoop en oordrag van grond is nie maar ook ideologiese veranderinge en opvoeding vereis. In die verband kan ons as dinamiese christene 'n leidende rol vervul. — Sal ons dan nie by die wederkoms aan ons Skepper moet verantwoording doen oor wat ons met ons talente (die bronne) hier aan die Suidpunt van Afrika gedoen het nie?

# IBC 'n geestelike kragsentrale

**DIE Instituut vir die Bevordering van Calvinisme is een van 'n aantal akademiese en diensinstitute aan die PU.**

Die IBC stel hom ten doel om in die Koningkryk van God diensbaar te wees deur studie en navorsing oor die Calvinisties-Reformatoriese lewensbeskouing soos gewortel in die Skrif en oor Calvyn. Die IBC wil dien as 'n geestelike kragsentrale waaruit die lig van die Skrif helder kan skyn vir die wetenskap en elke dag se lewe.

Die IBC is nie kerklik gebonde nie. In sy Raad van Beheer en personeel dien lidmate van al drie die Afrikaanse kerke en aan sy publikasies werk 'n groot verskeidenheid skrywers mee, nie alleen uit hierdie drie kerke nie, maar ook reformatoriesgesindes uit baie ander lande en volke.

Die IBC het in die 14 jaar van sy bestaan al 'n groot aantal publikasies laat verskyn, waaronder studiestukke, brosjures, en versamelwerke.

Bestel u IBC-publikasies gratis deur te skryf aan: Die Direkteur, Instituut vir die Bevordering van Calvinisme, PU vir CHO, Potchefstroom, 2520.

# ISVP gee nou blaadjie uit

**BEHALWE vir die reeks baie geslaagde aksies wat reeds hierdie jaar deur die Ingenieursvereniging geloods is, het die I.S.V.P. nou geskiedenis gemaak met die uitgee van hul eerste ingenieursblaadjie, naamlik die PUIN. Dit staan vir Potchefstroomse Universiteit Ingenieursnuus.**

Die blaadjie het verskeie interessante artikels en beskouings, met die doel om goeie leesstof te bied vir almal by ingenieurswese betrokke.

Verder is die Ingenieursvereniging, wat nou ten volle gepatroneer is by die SSR, die afgelope Julievakansie op die 1980-SAFUIS-konferensie (Suid-Afrikaanse Federasie vir Universiteitsingenieurstudente) verteenwoordig. Die verteenwoordigers was André Bezuidenhout (voorsitter), Johan Jankowitz (sekretaris), Chris Els (skakelbeampte) en Ben Coetzee (penningmeester).

Die Vereniging se sosiale komitee het reeds 'n baie geslaagde bier-en-braai gereël en baie ander aksies soos pannekoekaande word beplan.

Ander groot planne is onder andere 'n eie trapkar, asook die moontlike aanbieding van 'n winterskool met die oog op die werwing van ingenieurstudente vir die PU.



● *Die blaadjie, PUIN, waarin Milanie van der Merwe so lekker sit en lees, is die eerste uitgawe van die nuwe ingenieursblaadjie wat verskyn het.*

# Polstu is geen Politieke drukgroep

**POLSTU se primêre gehoor sal altyd die Afrikaanse student wees. Dit beteken egter nie dat anderstalige studente nie mag deel uitmaak van Polstu se gehoor nie.**

Op Dinsdag 26 Augustus het Polstu 'n vergadering in die klein sitkamer van die studentesentrum gehou. Die vergadering het hoofsaaklik uit 'n vraag-en-antwoord-situasie bestaan. Mnre Theuns Eloff, Jan-Louis du Plooy, Josef Kruger, Piet Fourie en Hugo Pienaar het 'n paneel gevorm wat met vrae van belangstellende lede gepeper is.

Van die belangrikste feite wat hierdeur te voorskyn gekom het, is dat Polstu los gaan bly van enige politieke party en ook nie sal poog om enigsins in 'n politieke drukgroep te verander nie, want dan sal hy beslis misluk of geen impak hê nie.

Die PU-ledetal van Polstu het reeds gestyg van 48 tot 60. Na hierdie vergadering het sommige van die twyfelaars ook besluit om aan te sluit. Daar is blykbaar heelwat studente wat wag vir 'n beleidsverklaring voordat hulle so 'n stap sal neem.

Die naweek van 12 en 13 September word 'n konstitusionele konferensie in die Hotel Johannesburger in Johannesburg gehou.

Woensdag 17 September word nog 'n Polstu-vergadering op die PU gehou, waartydens 'n bestuur vir die PU-tak vir 1980-81 gekies sal word. Daar sal tydens hierdie vergadering weer inligting aan belangstellendes gegee word.

## Sondagsport

**OP die UPE-kampus is Sondagsport deesdae die onderwerp van bespreking om die koffiekan. Die Raad het 'n versoek van die Studenteraad om 'n meningspeiling te hou oor die gebruik van die Universiteit se sportfasiliteite op 'n Sondag, afgekeur.**

Daar is besluit om tydens die komende SR-verkiesing terselftertyd 'n referendum oor die aangeleentheid te hou.

UPE (Upen, 12 Augustus 1980)

# *Motorfietse skep gevaar*

**MET die toename van motorfietsverkeer op die kampus het dit nodig geword om nuwe noodsaaklike reëlings onder die aandag van alle motorfietsbestuurders te bring.**

Majoor D. du Toit, hoof van die Departement Sekuriteitsdienste, vra dat (veral met die talle nuwe paadjies op die kampus), motorfietsbestuurders van die volgende reëlings moet kennis neem:

Daar mag nie op enige voetgangerpaaie gery word nie,

daar mag nie op grasperke gery of parkeer word nie,

daar mag wel op motorparkeerterreine geparkeer word, maar nie op of tussen enige motorparkeerstrope nie,

daar mag nie op enige plaveisel teen, langs of binne enige gebou geparkeer word nie,

daar mag nie in of deur (binneplaas van) 'n gebou gery word nie.

Daar word tans op die volgende plekke parkering vir motorfietse ingerig, naamlik:

-noord van die Ekonomiese Wetenskappe-gebou,

-wes van die Hoofgebou teen die spoorlyn,

-tussen Oosterhof en J Chris Coetzee-gebou,

-wes van die Hennie Bingle-Studentesentrum,

-suid van die Biologiese Blok. ('n Motorfietsparkeerterrein bestaan reeds suidoos van die Natuurwetenskappe-gebou en studente word gevra om daarvan gebruik te maak.)

Motorfietse mag intussen op die bogemelde terreine parkeer, behalwe tussen Oosterhof en J Chris Coetzee-gebou.

Indien 'n motorfietsbestuurder enige van die bogemelde beperkings oortree, sal 'n boete gehef word. Dit word ook weer eens onder die aandag gebring dat die bepaling ook geld vir motorfietse wat nie oor 'n geldige parkeerskyfie beskik nie.

# PU-redenaar maak skoonskip

**IRMA Jansen van Rensenburg is hierdie jaar aangewys as die wenner van die ATKB Redenaarskompetisie.**

Irma het 'n prysgeld van R100 gewen en sy word uitgenooi na die 1981 Republiekfees te Pietermaritzburg waar sy sal deelneem aan 'n jeugaand.



● *Irma Jansen van Rensenburg.*

Gert Kruger van NKP was tweede met Danie Hough van Tukkies in die derde plek.

Irma se toespraak het gehandel oor studentepolitiek, en sy is van mening dat Afrikaanse studente nie aktief genoeg aan politiek deelneem nie. Studente moet nie net tevrede wees met een ASB-Kongres per jaar nie. Politiek moet regdeur die jaar beoefen word en nie net op die kongres nie, en verder moet die studente ook deelneem.

# Verskuiwings in kafeteria

**DIE verskuiwing wat binne die kafeteria plaasgevind het, is nie soos algemeen gedink word om diefstal te voorkom nie. Die bestuurder mnr J Momberg, van die kafeteria, sê die verskuiwing het om ekonomiese redes plaasgevind.**

Die kafeteria is nie 'n private onderneming nie. Dit is die eiendom van die Puk en dus nie op winsgewing ingestel nie. Nogtans het die verkope nog nie sedert die verskuiwing gedaal nie.

Die rede vir die verskaffing van etes net tot 21h00 is dat dit nie ekonomies is om na die tyd nog etes te verkoop nie. Dit is net die kombuis wat dan toemaak en lekkers en koeldrank kan nog gekoop word.

Daar word nog baie veranderinge beplan soos die koeldrankmasjien wat by die sportsaal staan. Daar word beplan om vir die kafeteria ook 'n koeldrankmasjien en ook nog lekkergoed- sigaret- en kosmasjiene te koop.

Die studente moet eers hulle samewerking gee en bewys dat dit die moeite werd sal wees. Mnr Momberg sê dit kan alleen gedoen word as studente ophou om vals muntstukke in die koeldrankmasjien te forseer. Die veranderings kan net oorweeg word as dit blyk om nie 'n waagstuk te wees nie.


## *Spaar 'n sent vir die student*



7 1/2 sent uit elke tien liter brandstof word geskenk aan die Sentrale Studenteraad

# Gooi nou in by Harold's Volkswagen

Kerkstraat 220, Potchefstroom. Tel. 4261

# Oud Puk is teleurgesteld

Geagte redakteur

Ek is 'n oud-Puk en is nogal trots daarop. Oral waar ek kom is ek altyd 'n kampvegter vir die goeie universiteit. Nou het daar egter twee dinge gebeur wat my weer laat dink het aan die "goeie" universiteit.

1. Gedurende die Julie-vakansie het 'n groep studente in die koshuis op Parys tuisgegaan as 'n goeie gebaar van die skoolhoof. Die studente het die plek soos 'n varkhok agtergelaat en 'n hele paar besittings het verdwyn. Verder het drankbottels (hardehout) ook oral rondgelê. Nou wat sê jy vir 'n klomp kinders as jy na 'n vakansie vir hulle die plek oopsluit en dit lyk so?

2. Verder is ek teleurgesteld met die deelname wat die SR-lede gehad het aan die stigting van die "nuwe verligte" studente liggaam. Hieraan is wyd publisiteit verleen en nie aan die massa-vergadering daarna nie.

As 'n mens in 'n leiersposisie geplaas word deur ander, moet jy eerstens hulle standpunt huldig en verdedig en nie jou eie nie. Dit is egter verblydend om te sien dat daar nog regdenkende studente op die PU is, hoewel hulle seker weer nou as verkramp beskou sal word.

Teen die tyd wat die brief u bereik sal die Intervarsity seker al verby wees en ek hoop net dat die Bloemfontein-publiek weer so beïndruk met die optrede van die PU-studente sal wees soos altyd.

Groetnis
Kaspaas

UIT — NO. 13

# Voorsitter van Thalia antwoord

In die eerste plek kan ek met sekerheid sê dat die koshuis nie soos 'n "varknok" agtergelaat is nie. Voor ons vertrek, het ek en nog een van die lede deur die koshuis gegaan om te sien of alles in orde is. Van drankbottels (hardehout) was daar op daardie stadium geen teken nie.

Van die besittings wat "verdwyn" het kan ek nie rekenskap gee nie. Ek ken my lede en ek kan nie dink dat een van hulle tot so 'n stap sal oorgaan nie. 'n Ekstra bed of tafel in die bus sou beslis opgeval het, want die bus was baie vol.

'n Laaste ietsie: by ons op die PU word die koshuise skoon gemaak vóórdat die mense daar intrek.

J van der Walt


**Oulike koppies vir sleeptyd**



en tal le ander aardigheidjies om 'n eerstejaar se kamer interessant te maak. Rakke vol van die oulikste goed om 'n dierbare maat se hart bly te maak.
Net langs die INSLEEP-KAFEE.

**Insleep** -geskenkwinkel Gift Shop
?OMSTRAAT 100 TELEFOON 2-1033



**guys & dolls**

vat dit kop toe!



Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haargolwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens!





Die uwe,
GUYS & DOLLS, Tomstr. 82, tel. 8071.


# Studente het 21 publikasies

**DIE Transvaler en Vaderland is na 'n versoek daagliks gratis deur die SSR ontvang. Mnr Jan Kroeze, SSR-lid vir die portefeulje publikasies, berig dat Perskor hiervoor bedank is.**

'n Kennisgewing met 'n opsomming van die keuringsreëls is aan alle verenigings gestuur. Die Wapad is gereeld Maandagaande gekeur. Die Besembos, Sakboekie en ander publikasies 1979/80 is ook gekeur.

Sowat R2000 se advertensies is vir die Besembos gewerf. Probleme is ondervind met uitstaande advertensiegelde en verspreiding. Kopieë van die Besembos en Sakboekie is aan die RAU-biblioteek en die ASB-hoofkantoor gestuur. Besembos het te laat verskyn om vir die ASPU-jaarbladkompetisie in aanmerking te kom.

Na moeilike samesprekings is besluit dat 'n reglement vir die plasing van briewe in Die Wapad opgestel moet word. Briewe wat baie negatief oor die PU is, moet teruggewys word na die skrywer, SSR en betrokke instansie.

'n Publikasiereglement is vir Die Wapad opgestel en persvryheid en publikasiebeleid is deur mnr Kroeze en die Rektor bespreek.

Volgens mnr Kroeze is daar tans 21 studentepublikasies op die kampus.

Vier eksemplare van alle studentepublikasies moet aan die Argief gegee word. Die Argief in die Biblioteek mag, volgens prof. H C van Rooy deur enige student gebruik word — 'n magtigingsbrief moet net van die SSR-lid vir publikasies verkry word.

# ASB-projekte is groot sukses

**VOLGENS Corné Mulder was die afgelope termyn se werksaamhede binne die ASB gekenmerk aan praktiese realisasie van die jaarbeplanning.**

Soos gepoog, is daarin geslaag om die ASB-projektekomitee op 'n vaster grondslag te plaas en daardeur die organisatoriese werk van die ASB-studenteraadslid te verlig. Soos beplan is, het die ASB-president dan ook die kampus tydens oriëntering besoek en die eerstejaars toegelig oor die werksaamhede van die ASB.

Die grootste en belangrikste projek van die ASB was natuurlik die ASB-kongres wat plaasgevind het gedurende die Julievakansie. Dit was vir die PU 'n voorreg om dit op sy eie kampus aan te bied. Twee afgevaardiges van die Inkata-jeugbeweging het dit bygewoon. Die PU self was verteenwoordig deur 46 Pukke. Die tema, naamlik Jeugkrag '80 het hom uitstekend daartoe geleen om te sorg vir lewendige besprekings.

Ander projekte wat gerealiseer het, is die besoek aan Fiesta te Port Elizabeth, die projek Kuesta wat aan die Universiteit van Pretoria aangebied is, die aktualiteitskonferensie, die SABRA-tuislandtoer en die ASB oorsese toer wat gedurende Desember sal plaasvind.

# Ou vraestelle

**MENIGE Tukkies moes onlans bekommerd by die Merensky-biblioteek omdraai toe hulle ou vraestelle met die oog op die eksamen wou raadpleeg.**

Volgens 'n senaatsbesluit sal ou vraestelle in die vervolg slegs tydens Maart- en Aprilmaand en weer van Julie tot begin Oktober beskikbaar wees om sodoende te verhoed dat studente hulle studies tot op die laaste uitstel.

Tukkies (Trawa, 8 Augustus 1980)

# Hersiening van reglemente

**GEDURENDE die afgelope jaar is die grondwette van verskeie onderliggame van die SSR hersien en op versoek aan die universiteite van die Noorde en Natal gestuur.**

Mnr Josef Krüger berig dat 'n nuwe reglement vir die toekenning van akademiese ere-kleure en die verkiesing van dirigente opgestel is. Die hele SSR-grondwet en huishoudelike reglement is egter gedurende die Julie-vakansie hersien en baie wysigings is aangebring. Die aanbevelings sluit in: hersiening van die Tugreglement en 'n verdere hersiening van die reglement vir akademiese prestasie. Mnr Krüger beveel aan dat die grondwet in sy nuwe vorm in boekvorm gebind moet word.

# SGD is geslaagd

**VOLGENS mnr. S J Venter was dit 'n besondere suksesvolle jaar vir die portefeulje Gemeenskapsdiens.**

Soos dit blyk uit die jaarverslag van mnr Venter, was dit nodig om vier nuwe poste in die portefeulje te skep. Die rede hiervoor is die groot volume werk en die behoefte aan kontinuïteit. By name is die vier nuwe poste dan dié van organiseerder, skakelbeampte vir Promosa en twee bedryfsassistente. Aangesien bogenoemde poststruktuur tans steeds as onbevredigend beskou word, word 'n verdere posteskepping oorweeg.

Die registrasie van die organisasie as fondsinsamelingsorganisasie was as 'n baie groot deurbraak beskou. 'n Aansienlike uitbreiding ten opsigte van die beskikbare vervoer vir die organisasie is gemaak, sowel as die stigting van 'n tak van BABS ("Build a better society") in Promosa.

# Sekretariële verpligtinge is volvoer

**IN sy jaarverslag het mnr Gert Coetzer, SSR-sekretaris, daarop gewys dat sekretariële verpligtinge vir die termyn 1979/80 so ver moontlik na die beste van vermoëns volvoer is.**

Spesiale aandag is gegee aan SSR-stukke, wat betref die duplisering, verspreiding en vertoon daarvan. 'n Sekretariële kursus is ook aangebied in samewerking met die SR-lid vir opleiding. Sekretarisse/esses van verskeie Rade kon hierby baat vind en kennis van hul sekretariële verpligtinge verbreed.

'n Hoogtepunt in die jaar se aktiwiteit was die organisasie en samestelling van die Puk-span en gehoor wat deelgeneem het aan die TV-program "Waar is ons?" waartydens RAU die onderspit moes delf.

# Eie teleksdiens vir PUK 'n onmoontlikheid

**VOLGENS mnr. Jan Kroeze, SSR-lid vir die portefeulje Beleidsverklarings, is ondersoek gedoen na die moontlikheid van 'n eie teleksdiens vir die SSR. Die koste is egter te hoog en 'n nuwe reëling is vir 'n proeftydperk met die Ferdinand Postma-Biblioteek getref.**

'n Ondersoek na die behoefte vir koördinering het laat blyk dat nie een komitee (behalwe Die Wapad) behoefte aan skakeling met ander komitees het nie.

Die biblioteek het nuwe slotmasjiene vir die fotokopie-masjiene geïnstalleer wat met 50c, 20c, 10c en 5c-stukke werk. Dit behoort die kleingeldprobleem te verlig.

Die Wapad is versoek om 'n artikel oor kampusnetheid te publiseer. Behalwe vir twee kort berigte met foto's het daar nie veel van gekom nie. Die saak was op die agenda van die massavergadering wat weens swak bywoning afgestel is.

(Vervolg van bl 1)

### Oriëntering deeglik ondersoek

Met Intervarsity was daar weer 'n groot mate van wangedrag en drankmisbruik onder die studente.

Tog maak die meerderheid hulle nie hieraan skuldig nie.

Frikkie sê dat 'n stilswyende massa tog nog altyd 'n tevrede massa beteken het, en dat die ideaal sou wees dat die massa self misnoë sal toon en die probleem só help bekamp. Daar word oorweeg om wyn en bier op 'n meer gereelde basis aan die studente beskikbaar te stel. Die moontlikheid bestaan dat 'n glasie wyn byvoorbeeld saam met die kafeteria se aandetes verskaf sal word, sodat daar nie net 'n een- of tweemalige drinkgeleentheid geskep word nie.

Twee belangrike aspekte wat sy aandag sal geniet is die biertuin en die ordelike verloop van massa-aksies. Intervarsity sal ook weer in oënskou geneem word. Die gesindheid hieroor is in baie gevalle verkeerd.

Intervarsity moet nie 'n verskoning vir slapte in akademie en morele standaarde wees nie.

Frikkie het egter baie vertroue in die nuwe Studenteraad. Hulle het goeie ondervinding van die studentelewe, doen deeglike jaarbeplanning en kan skeppend dink. Werksaamhede sal reg deur die jaar geëvalueer word en die nodige aanpassings sal dan gemaak word.

# SSR-doelwitte

## Willem Fourie: SGD

**Mnr Willem Fourie is aangestel in die portefeulje SGD. Hy voel dat hy in hierdie portefeulje soveel moontlik inisiatief aan die dag gaan lê. 'n Voorbeeld hiervan is sport wat by klein plaasskole aangebied kan word en 'n somerskool vir swart onderwysers.**

Hy voel ook dat die werksaamhede van SGD beter bekend gestel moet word aan die studente en die publiek. In die algemeen gesien is hy tevrede met die huidige werksaamhede maar glo tog dat SGD meer prominent bekendgestel behoort te word.


Hy glo dat die SSR hom nie op die werksterrein van die politiek mag begewe nie. Tog, het die SSR 'n prinsipiële bydrae te lewer en hulle kan derhalwe 'n mening lug. Die gevolgtrekking wat hy maak is dat die SSR moet klem lê op studenteaktiwiteite.

Hy glo die groot sweet het tans geen doel nie, weens te min belangstelling. Die uitgangspunt van die groot sweet is volgens hom korrek, want dit gee die massa die geleentheid om die kandidate op te weeg.

Op 'n vraag rondom die kwessie van die PU se beeld na buite was sy kommentaar dat die pers ingestel is op sensasie en derhalwe 'n negatiewe beeld soms die lig laat sien.

Oor drankmisbruik voel hy dat die weg van persoonlike gesprekvoering gevolg behoort te word.

Ten slotte noem hy dat hy sy mede SSR-lede as konserwatief beskou, as konserwatief Bybels gefundeerd is.



• *Die nuwe en ou SSR-lede in 'n gesellige luim tydens die oordragsfunksie op Woensdagaand 3 September. Die volgende persone is sigbaar: Herman Martins, Gert Coetzer, Josef Krüger en Ollie Ollewagen.*

## Mario Smith: Opleiding

**MNR Mario Smith, SSR-lid vir Opleiding het met dank getuig van die werk vàn die vorige portefeuljehouer en gesè dat hy daarop sal voortbou.**

Ten opsigte van oriëntering voel mnr Smith heeltemal tevrede met die huidige stand van sake. Daar kan egter gewerk word in die rigting van groter akademiese oriëntering voor die seniors kom.

Om onbetrokkenheid teë te werk, moet inisiatief by die aanbieding van aksies aan die dag gelê word. Mnr Smith is egter van mening dat die Puk-massa tog nie so onbetrokke is as wat dikwels gesê word nie.

Ten opsigte van sy portefeuljewerk is mnr Smith van mening dat koördinering tussen onderliggame van groot belang is. Aktueel word ook hierdie jaar by Opleiding ingeskakel. Daar sal dus direkte kontak met die eerstejaars wees.

## Awie Verhoef: ASB

**DIE nuwe SSR-lid vir kultuur en ASB, mnr Awie Verhoef, onderneem om meer aandag te gee aan "Lees Hier", 'n ASB-blad, en die verspreiding van ASBEELD te verbeter. Daar moet ook meer aandag gegee word aan die bekendstelling van die ASB.**

Verantwoordelike en akademiese oriëntering moet meer aandag geniet. Dit is reeds toegepas deurdat fisiese oefening georganiseerd aangebied is. Verder meen mnr Verhoef dat eerstejaars aan seniors toegeken word na wie hy hom kan wend met alle probleme. Oor politiek het hy gesê dit is elke student se voorreg en plig om betrokke te wees.

Die negatiewe beeld kan herstel word deur samewerking met die studenteburo en positiewe publikasie. Wangedrag en drankmisbruik kan verminder word deur die toepassing van tug deur die tugliggame wat reeds bestaan.

## Biertuin uit by Groot Brag

**DIE Rektor, prof Tjaart van der Walt, het gesê die besluit dat daar nie weer 'n biertuin met die groot brag sal wees nie, is deur die SSR-dagbestuur goedgekeur.**

Indien daar ooit weer 'n biertuin met die groot brag is, sal daar beter kontrole, toesig en dissipline gehou moet word.

Met karnaval is so 'n biertuin wel goedgekeur omdat dit by die geleentheid pas. Die karnavalkomitee moet egter toesig en kontrole hou sodat dit nie misbruik word nie. Daar moet van blikke in plaas van bottels gebruik gemaak word en leë blikke moet verwyder word.

Prof Van der Walt het gesê hy is ten gunste van gesonde en matige drankgebruik op die regte tyd en plek. Studente wat drank misbruik, maak 'n klad op die PU se naam. Hy verwag van die studente om self op te tree teenoor studente wat drank misbruik. Hy wil nie die owerheidsweë gebruik om dit te doen nie.

Hy sê hy haal sy hoed af vir die PU-dames wat nie van die dameskroeg gebruik gemaak het nie. Hy sê 'n dame hoort nie in 'n plek waar dinge nie reg gaan nie.

Studente kan deur gesonde drankgebruik toon dat hulle groot, beskaafd en fatsoenlik is. Wanneer die biertuin heeltemal verbied word, is dit as gevolg van onvolwasse optrede.

## Regsstudente

**OP Dinsdag 2 September het 'n aantal regsstudente 'n uitstappie na die Hooggeregshof te Pretoria onderneem.**

By die hooggeregshof het feitlik al die studente na die hofsaak van die Silverton-terroriste gaan luister en ander na óf 'n moordsaak, óf 'n insolvensiesaak.

Na 'n paar insiggewende sake het die studente in 'n Duitse eetplekkie verder gaan ontspan en die dag op paslike wyse afgesluit deur die Pretorianers op "O PUKKIE JY" te vergas.

## Somerskool

**DIE PU se eerste somerskool word in Januarie 1981 aangebied.**

Kursusse word aangebied in onthaalkuns, weefkuns, binnenshuisversiering, vleiskunde, groepsmusiekbeoefening, kunswaardering, musiekwaardering, Duits, Latyn, beriggewing vir plaaslike koerante, letterkunde, kerkgeskiedenis, sterrekunde, buitelandse verhoudinge en leesverbetering.

Spesiale kursusse in vakgebiede soos Verpleegkunde, sielkunde, en Ingenieurswese word ook aangebied.

Daar word voorsiening gemaak vir sport, ontspanning en vermaak.

Huisvesting word verskaf in die universiteitskoshuise teen billike tariewe.

## Fanie Venter: Openbare betrekkinge

**MNR Fanie Venter, SSR-lid vir Openbare Betrekkinge, sê hy beskou dit as ideaal om sy taak as SSR-lid grondwetlik suksesvol uit te voer.**

Mnr Venter sê dat hy 'n skakeltoer na ander universiteite en 'n persete as die hoogtepunte vir sy nuwe ampstermyn beskou. Die inskakeling van studente wat reeds militêre diensplig gedoen het, behoort in dié termyn aandag te geniet.

Oriëntering is 'n geleentheid om nuwe studente in te skakel en nie af te takel nie. Die klem moet veral op akademiese oriëntering gelê word.

Volgens mnr Venter is bekendstaning as 'n Christelike Universiteit die beste beeld wat die PU kan hê.

Betreffende politiek sê mnr Venter dat die SSR nie die studentemassa se standpunt kan uitspreek nie. Daar moet van 'n SSR-lid verwag word om meningsvormend op te tree en dus is beperkte politieke standpuntinname wel regverdigend.

## Lappies Labuschagne

### Radio Puk en Intervarsity

**MNR Lappies Labuschagne, SSR-lid vir Radio PUK en Intervarsity, sê dat hy vasberade en vol moed is vir die nuwe termyn.**

Hy glo dat oriëntering sy tradisionele vorm verloor het en dat dit tragies sal wees as oriëntering moet verdwyn.

Betreffende sy amp, sê mnr. Labuschagne dat dit moeilik is om sommer so vroeg in 'n termyn te wil maak en breek. Hy meen egter dat daar sake is wat aandag sal vereis soos onder andere intervasity en veral die biertuin gedurendie Groot Brag.

Mnr Labuschagne sê dat hy graag die massa se mening omtrent die effektiwiteit van Radio Puk sal wil aanhoor.

Haakplekkies wat die PU-beeld kan belemmer behoort aandag te geniet. Hy sou ook graag wou sien dat die studente meer betrokke raak in studente-politiek.

## Joggie van Staden:

### PU-kleure, Reklame en toere

**MNR Joggie van Staden, SSR-lid vir PU-kleure, Reklame en Toere, meen dat 'n goeie fondament nodig is om onbetrokkenheid teë te werk en in hierdie opsig moet daar op die eerstejaars gekonsentreer word.**

Volgens mnr Van Staden moet akademiese oriëntering groter aandag geniet as wat tans die geval is, hoewel fisiese oriëntering ook positief aangewend kan word.

Wat reklame betref, word daar binnekort voorsiening gemaak vir 'n groot kennisgewingbord in die studentesentrum waarop reklame gedoen kan word vir alle aktuele sake. Daar sal ook gepoog word om die standaard van plakkate te verbeter.

Die res van sy portefeuljewerk is volgens mnr Van Staden bloot van administratiewe aard, soos byvoorbeeld die koördinering van toere soos dié van Alabama en Thalia. Hier kan hy slegs poog om die werk so nougeset en noukeurig moontlik te doen.


**Mooi meisies en blomme pas bymekaar.....**

Vir die roos van jou hart is daar:

VARS SNYBLOMME
RUIKERS
POTPLANTE
DROË RANGSKIKKINGS
KUNSBLOMME
ORNAMENTE, ens

**huis & tuin**

Tomstraat 82b, Die Bult
Tel. 4641



**Verslaggewers**

Twee vakatures in Landboujoernalistiek vir jong

**Man/Dame**

om so gou moontlik na afhandeling van eksamen diens te aanvaar. 'n Graad in Kommunikasiekunde en/of ondervinding by 'n studentekoerant sal as aanbeveling dien.

**Doen in eie handskrif aansoek by:**
**Die Adverteerder**
**Posbus 4373**
**Pretoria**
**0001**

en meld verwagte salaris.
Sluit afskrifte van twee getuigskrifte asook voorbeelde van skryfwerk in.
**Sluitingsdatum: 9 Oktober 1980**



**MODEL-SKOENWINKEL — CHECKERS-SENTRUM**
**en**
**SKOENSENTRUM — KERKSTRAAT**



Vir die jongste modes in skoene

OIP-105113

